

HENRI-IRÉNÉE MARROU OOR DIE AARD EN NUT VAN DIE HISTORIESE KENNIS

Prof. F.A. van Jaarsveld
Universiteit van Pretoria

Dit is gewens om te kyk na die moderne Franse opvattinge oor die aard en nut van geskiedenis kennis, wat verteenwoordigend is van die huidige Europese denke daarvoor. Dit skep 'n teoretiese basis vir die begrip van die Franse Annalesskool wat vandag die Westerse geskiedskrywing oorheers.

Daar moet in gedagte gehou word dat heelwat skrywers voor die Annalesskool uitlatings gemaak het wat nie onmodern klink nie en wat as agtergrond vir die huidige stand van sake gedien het.

Fustel de Coulanges het reeds in die laat 19e eeu gewaarsku teen die segmentering van die geskiedenis, en gewys op die belangrikheid van die "verband" tussen die feite, terwyl Augustin Thierry vereis het dat agter die "klere van die hof" (geskiedenis van konings en oorloë) "die hele liggaam van die nasie" (anonieme massa) bestudeer moet word.

Agter die Annalesskool staan ook 'n lang tradisie van die nomologiese benadering tot die geskiedenis, om aan Condorcet, Comte, Taine en Durkheim te dink. Hulle was daarvan oortuig dat geskiedenis op generalisasie en algemene konsepte ingestel moet wees.

Die historici van Ranke se hermeneutiese tradisie het beswaar gemaak omdat generalisasie op onvoldoende empiriese gegewens berus en spekulatiewe denke en abstraksies verteenwoordig, wat die lewe van die mens konstrueer. Nee, die taak van die historikus moet wees om die "unieke" in elke gebeurtenis te ontdek. En tog het die Annaleshistorici 'n middeweg gevind tussen die idee van generalisasie (wat met algemene konsepte werk), en unieke individualiteite (wat eis dat 'n historiese konstellatie uit homself verstaan moet word).

In ons tyd het die Franse historici ook 'n teoretiese basis geskep vir die nuwe historiografie om bv. te dink aan C. Samaran (red.) se mylpaal, nl. *l'Histoire et ses méthodes* (1961) en aan die briljante werk van H-I Marrou, *De la connaissance historique* (1954). Hier volg 'n kernagtige samevatting van sy gedagtes oor die aard en nut van die historiese kennis.

Op die vraag wat geskiedenis is, antwoord Marrou: "Geskiedenis is die kennis van die mens se verlede." Dit is 'n wetenskap met sy eie metodes wat hy telkens bywerk en aanpas. Hy toon aan dat die studie van geskiedenis nie filosofiese, selfs ideologiese kleuring, kan ontsnap nie omdat dit altyd die belange van sy tyd van ontstaan weerpieël. Saam met Bloch kom hy tot die gevolgtrekking dat die verlede deur middel van die hede verstaan word; maaar moet ons byvoeg, op voorwaarde dat die hede nie in die verlede geprojekteer word nie, wat die ellendigste manier is om geskiedenis te skrywe.

Marrou staan daarop dat feite en gebeurtenisse intrinsieke waarde het, maar benadruk die vertolkende poging van die historikus as hy die veelvoudigheid van die feite in al hulle komplekse werklikheid wil verstaan, en vandaar sy *keuse*. Die noodsaak-

likheid van interpretasie beteken dat historiese verklaring altyd 'n *subjektiewe* karakter sal dra. Die geskiedenis is nie te skei van die historikus nie. Marrou beweer dat by die "objektiewe skool" (o.a. ook Ranke) gedink is dat die geskiedenis die gevolg van die bronne is, maar sake sit andersom: die geskiedenis is die verlede slegs in 'n begrensde mate, soos dit ons geluk om hom te ken. Geskiedenis is die antwoord op 'n *vraag* wat die historikus weet om te stel. Kennis is nie blote vertelling van die mens se verlede nie. In werklikheid bestaan die geskiedenis reeds volkome uitgewerk in die denke van die historikus, nog voordat hy geskryf het. Marrou het bevind:

$$G(\text{eskiiedenis}) = \frac{V(\text{erlede})}{H(\text{ede})} \therefore G = \frac{V}{H}$$

Die historikus gryp aktief in met sy denke en sy persoonlikheid by die bearbeiding van historiese kennis. Marrou verwerp Langlois en Seignobos se stelling: "no documents, no history". Die geskiedenis word nie "gevind nie", maar *gekonstrueer*. Vir die wetenskap bestaan daar geen voltooid historiese werklikheid, wat slegs werklikheidsgetrou gereproduseer moet word nie: Die geskiedenis is die gevolg van die skeppende poging van die historikus as kennende subjek, om die betrekking tussen die verlede waarmee hy hom bemoei, en sy eie hede, te herstel. Nee, geskiedenis is altyd die antwoord op 'n vraag wat die intelligente en geesryke (nuuskierige of mct eksistensiële angsklemde) historikus tot die geheimnisvolle verlede rig. Logies gesproke word die proses van die geskiedenisnavorsing nie deur die bestaan van die bronne opgelos nie, maar deur die oorspronklike stap, die gestelde vraag, wat deur die keuse van bronne, hulle begrensing en die konsepsie van die subjek gestempel word.

Hoe sien Marrou die *waarheid* in die geskiedenis? Om kort te gaan: objektiwiteit is 'n mite. As kennis van die mens deur die mens, is die geskiedenis op 'n dubbele wyse waar, daárdeur dat dit tegelyk sowel die verlede as die historikus laat leer ken. Die waarde van die geskiedenis hang af van die waarde van die historikus (eksistensiële psigoanalise); sy waarheid is reëel, maar parsieel; daarom is 'n universele geskiedenis en dus 'n geskiedenisfilosofie onmoontlik.

Marrou is van oordeel dat dit 'n fout was van die historici wat net op "feite" ingestel was, om die geskiedenis op die voorbeeld van die natuurwetenskappe te rig en "objektiwiteit" tot die hoogste en enigste kriterium van die waarheid te maak. Hulle het natuur- en geesteswetenskappe téénoor mekaar gestel, ásof die historiese waarheid van 'n totaal ander aard is as die natuurwetenskaplike. Daar bestaan tog net één menslike rede en geen logikus sal 'n onoorkomelike kloof tussen die geesteshandeling van die fisikus en dié van die historikus vind nie. Dit is veels te eenvoudig om die pragtige "objektiwiteit" van die eksperimentele wetenskappe teenoor die historiese objektiwiteit te stel, ásof die wettewaarheid van die fisika vir almal geldige kennis is. Dit geld nie vir almal nie, sekerlik nie vir die domkop, primitiewe mens of kind nie, maar slegs vir die ingewydes wat die Westerse tradisie van die wetenskap aanvaar het.

Die eksakte filosofie van die wetenskappe lê nadruk op die aktiewe bydrae van die geleerde self wat 'n positiewe ingryping deur 'n *teoretiese konstruksie* impliseer, en dus 'n skeppende werk lewer — soos die historikus wat ook sy werk "vorm" gee, al is dit nie in 'n gelyke mate of graad as by die natuurwetenskap nie. 'n Mens kan ook nie sondermeer van die "objektiwiteit" van die natuurwetenskappe praat nie: dit is objektief in die sin dat dit met behulp van die wetenskaplike se tegnieke en werkswyses iets

bereik wat outentiek, tot die objek behoort. Omdat daar soveel vrae is wat die historikus stel, en die verlede so groot is, sal twee historici nie sondermeer dieselfde onderwerp aanpak, en met behulp van eenderse werkwyse sistematiseer, deurdat hulle die feite op eenderse wyse saamvoeg, en dus presies eenderse kennis sal skep nie. Dit bewys egter nie dat geskiedenis onder 'n radikale subjektiwiteit ly soos die relativiste en skeptici glo nie.

Marrou redeneer dat teenoor die objektivisme van die Positiviste, ander historici lank op die subjektiewe faktor aangedring het wat in die geskiedenis soos in elke wetenskap, deur die aktiewe, konstruktiewe, in sekere sin skeppende inmenging van die kenende subjek, ingevoer word — maar dié subjektiwiteit is nie van die skeptikus nie. Twee historici wat 'n probleem op eenderse wyse stel en oor dieselfde bronne, tegnieke en kulturele toerusting beskik, sal nie absoluut verskillende antwoorde vind nie, en nie twee soorte geskiedenis s krywe nie. Die historikus is nie die gevangene van sy subjektiwiteit nie: dit word bewys deur die bestaan van die geskiedwetenskap. Vir al die eenvoudige historiese probleme, wat hulle op die vraagstelling van die "feite" van objektiveerbare aard betrek, heers daar ooreenstemming onder vakhistorici oor die metodiese werkwyse: seleksie van feite, isolering van die fenomeen, kritiek van die getuienis en waardering van die geloofwaardigheidsmotief.

By die geskiedskrywing kan die subjektiwiteit van die historiese kennis nie heeltemal uitgeskakel word nie; 'n res sal altyd bly, veral wat betref 'n persoonlike trek. Marrou verwyt die Positiviste daarvan dat hulle in hul bemoeiing om algemeengeldige kennis te skep die geskiedenis vermink het, omdat hulle hul waarheid wou reduseer tot elementêre "feite". Vir Marrou is dit die plig van die geskiedskrywer om hom nie tot dit te beperk wat elkeen met sekerheid soos hy sal sien nie, maar om alles op te neem wat slegs *hy* in staat is om te bereik. My doel moenie wees om as historikus die publiek tevrede te stel nie, d.w.s. alle mense, maar ek soek om *myself* te oortuig van die waarheid van *my* voorstelling van die verlede.

Die oplossing van die probleem van die historiese waarheid lê dus hierin: Nòg suiwer objektivisme nòg radikale subjektivisme; die geskiedenis is tegelyk gebondenheid deur die objek en die geestelike avontuur van die kennende subjek; dit is die vergelyking

$$G = \frac{V}{H}$$

wat tussen twee vlakke van die menslike werklikheid opgestel word, nl. die verlede (V) en die hede (H) van die historikus wat binne sy eksistensiële perspektief handel en dink met sy toerusting, sy antenne, sy bevoegdheid, sy grense en gebreke. Dat daar in hierdie kennis noodwendigerwys iets subjektiefs bly steek, iets wat van my plek in die wêreld afhang, hinder nie in die minste dat dit tegelyk 'n egte vattng van die verlede kan beteken nie. Inderdaad is dit so dat, as die geskiedenis waar is, sy waarheid 'n dubbele waarheid is, omdat dit tegelyk waarheid oor die verlede is, maar ook getuienis oor die historikus. Die beeld wat elke historikus van die verlede gee, is diep en organies deur sy persoonlikheid gevorm. As kennis ván die mens déúr die mens, is die geskiedenis 'n vattng van die verlede met behulp van, en deur die medium van 'n lewendige geëngageerde (betrokke) menslike denke; dit is 'n komplekse, onoplosbare vermenging van subjek en objek. Dit volgens die wese en die aard van die mens. Sonder twyfel dring daardeur 'n element van relatiwiteit die historiese kennis binne.

Marrou wys daarop dat alle menslike kennis op soortgelyke wyse deur die plek van die mens in die syn en in die wêreld gestempel word. 'n Mens moet dink aan wat die fisikus ons oor die relatiewiteit geleer het. Vandag weet ons dat ons opvatting van ruimte en ons begrip van euclidiese ruimte, 'n funksie van die snelheid van lig is. Dat iewers iets van die historikus self in die samestelling van die geskiedenis indring, en wel op onvoorkombare wyse, verhinder nie dat dit tegelyk ook 'n egte vatting van die verlede kan wees nie. Volgens Marrou is die geskiedenis in dié mate "waar", sodra die historikus geldige gronde het om sy vertroue aan dit te gee, wat hy uit die bronne verstaan het. Die waarheid van die geskiedenis is ook 'n funksie van die waarheid van die historikus se filosofie. Hierby kom dat die waarde, d.i. die waarheid van die historiese arbeid in 'n verhouding staan tot sy geestesrykdom: hoe intelligenter, gekultiveerder, ryker aan lewenservaring, oper vir alle menslike waardes, hoe meer in staat sal hy wees om iets in die verlede te vind, en hoe meer sal sy kennis ontvanklik wees vir rykdom en waarheid. Die historikus is niks meer as 'n mens nie; sy bevoegdheid word gedefinieer deur sy geestesrykdom, sy geestestoerusting, sy vorming, met sy positiewe aspekte maar ook sy beperkinge.

Dit spreek vanself dat die skrywer die middele in die hand van die leser plaas om die geldigheid van sy bevindinge te toets — om dié rede sy voetnote wat verwysings na die bronne is. Die Positivisme het hom in dié opsig verdienstelik gemaak: hy was op presiesheid ingestel; nogtans kan op hierdie wyse nie gewaarborg word dat die benutte dokumente korrek aangehaal is nie. Die historikus moet dit vir die leser ook moontlik maak om te ervaar of hy dit self verstaan het, en hoé hy dit verstaan of vertolk het. Wetenskaplike eerlikheid vereis dat die historikus op grond van intensiewe bewusmaking die rigting van sy denke definieer, en sy postulate blootlê, d.w.s. dat hy homself in aksie voorstel, en die leser laat deelneem aan die ontwikkeling van sy werk: waarom en hoe hy sy onderwerp uitgekies en afgegrens het, en wat hy daarin gesoek en gevind het. Sy inwendige program moet beskryf word, want historiese navorsing impliseer dat, as dit werklik vrugbaar wil wees, dit 'n proses in die gees van die outeur — 'n soort eksistensiële psigoanalise (Sartre) moet blootlê. Dit is egter moeilik om die inwendige struktuur van 'n historiese werk te openbaar. Wat die outeur self nie kon bereik nie, dit moet sy lesers so ver as moontlik kan raaksien as hulle sy werk krities benut.

Marrou kom tot die gevolgtrekking dat die waarheid van die geskiedenis geldig is, maar word as sulks van alle kante beperk deur die bestaan van die mens se opgelegde diensbaarheid. Die geskiedenis is waar, maar dié waarheid is altyd parsieël, d.w.s. 'n deelwaarheid. Ons kan iets weet van die mens se verlede, maar nooit die geheel van die verlede nie.

Waarin bestaan die *nut* van die geskiedenis en watter funksie vervul dit in die kultuur? Daaroor laat Marrou ons in geen onsekerheid nie. Hy haal Heidegger aan wat die verlede aan ons bestaan verbind, maar voeg by: op "indirekte wyse", langs 'n "omweg", soos Dilthey dit ook uitgedruk het toe hy op die "selfkennis" van die mens gewys het. Marrou sien die waarde van die geskiedenis in die dialektiek van die "self" en die "ander", wat beteken dat geskiedenis-kennis 'n essensiële "andersoortigheid" in hom opsluit. Die historiese kennis impliseer steeds 'n omweg wat 'n eerste sentrifugale beweging vóóronderstel, 'n epog, 'n suspensie van my dringendste eksistensiële aanleg, 'n uitgaan van myself, 'n reis in die vreemde, 'n ontdekking en 'n ontmoeting met die ander. Ja-wel ook nuuskierigheid kom in die prentjie en historiese fantasie.

Die historiese kennis verruim ook my kennis van die mens, sy veelvoudige werklikhede, sy onbegrensde moontlikhede — vër oor die grens van my geleefde ervaring heen. Dit verryk my innerlike universum, my kulturele horison. Geskiedenis is nie net 'n instrument van die waarheid nie, maar ook 'n vormings- (opvoedkundige) faktor.

Die nut van die geskiedenis bestaan dáárin, dat dit aan die voelende, denkende en handelende mens oorvloedige materiaal lewer om daaraan sy oordeel en wil te vorm. Sy vrugbaarheid bestaan in daardie oneindige uitbreiding wat dit verleen aan ons persoonlike ervaring, ons mensekennis. Die ontmoeting met ander mense van die verlede leer my om beter te leer ken wat die mens is. Dit is ook vrugbaar vir ons skeppende verbeelding en open duisende nuwe weë vir ons denke en handeling. Die geskiedenis bevry ons van die bande en die beperkinge in die gang van ons wording. Ek word bewus van 'n geskiedenis wat ook my geskiedenis is, wat *my* gevorm het tot wat ek is, wat tot die kulturele, ekonomiese, sosiale en politieke toestand gelei het waarmee ek met my hele bestaan verweef is. Geskiedenis maak die mens bewus van sy erfnis. Sodra hy weet wie hy is en waarom hy so geword het, maak dié kennis hom *vry* ten opsigte van dié erfnis, byna soos by 'n psigoanalise. Voor historiese kennis verkry word, omring die verlede my soos 'n donker te. Kennis daarvan bevry my van die donker verlede, nie deur 'n daad van vergeet nie, maar juis deur die bemoeiing daarmee, deur die hervinding daarvan, deur dit in my volle bewussyn in te bring en geestelik te verwerk. Dit is 'n herhaling van wat Goethe, Dilthey en Croce dikwels gesê het, nl. dat die historiese kennis die mens bevry van die las van sy verlede. Ook hierdeur verskyn die geskiedenis as pedagogiek, as 'n opvoedingsmiddel, as 'n oefenveld, as die instrument van ons vryheid.

Die historikus weet dat hy nooit alles kan weet nie: hy is en bly 'n enkele mens wat hom nie in die plek van God kan stel nie. In sy klein spieëltjie ken hy gedeeltelik, op begrensde, dikwels duistere wyse. Maar hy wéét dat hy nie weet nie, hy vermeng en lokaliseer die oneindigheid van dit wat hom ontgaan, en wen daardeur 'n skerpe sin vir die kompleksiteit van die syn en die situasie van die mens in sy tragiese ambivalensie. In die uiteensetting met hierdie onoplosbare dubbelsinnigheid, verwerf die historikus 'n skerpere sin vir sy verantwoordings, vir die betekenis van sy verpligting, die waarde van sy vrye beslissing gelyktydig met 'n diepere en wyere kennis van die oneindige moontlikhede wat sy keuse aanbied. Hy is die tot bewussyn gekome mens wat met oop oë en opgehefde hoof sonder vrees voortgaan om die wye horison van die gees te aanskou. Hy weet dat daar vele moontlikhede wag wat verwerklik kan word. Hy kies en hy oordeel. Hy bewierook nie die oorwinning en word nie deur nederlaag teneergeslaan nie, en as hom by gebrek aan mag, niks meer te doen staan nie, kan hy nog sê: Nee, nie toegee nie, met trots ly, en die hoop nie opgee nie.